
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**VERBRUIKERSTUDIES**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.156; Suksesvol, p.173)* | (1) |
| | 1.1.2 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.180)* | (1) |
| | 1.1.3 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.162; Suksesvol, p.179)* | (1) |
| | 1.1.4 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.171; Suksesvol, p.191)* | (1) |
| | 1.1.5 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)* | (1) |
| | 1.1.6 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, p.93; Suksesvol, p.113)* | (1) |
| | 1.1.7 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.104; Suksesvol, p.126)* | (1) |
| | 1.1.8 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)* | (1) |
| | 1.1.9 | C✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.89; Suksesvol, p.103)* | (1) |
| | 1.1.10 | A✓ | *Toepassing, matig (Verken, p.73; Suksesvol, p.82)* | (1) |
| | 1.1.11 | D✓ | *Toepassing, matig (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)* | (1) |
| | 1.1.12 | B ✓ | *Verstaan, maklik (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.13 | C✓ | *Toepassing, maklik (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)* | (1) |
| | 1.1.14 | A✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.136; Suksesvol, p.154)* | (1) |
| | 1.1.15 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)* | (1) |
| | 1.1.16 | D✓ | *Onthou, matig (Verken, p.25; Suksesvol, p.25)* | (1) |
| | 1.1.17 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.18; Suksesvol, p.22)* | (1) |
| | 1.1.18 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, p.19; Suksesvol, p.23)* | (1) |
| | 1.1.19 | D✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.21; Suksesvol, p.24)* | (1) |
| | 1.1.20 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, p.27; Suksesvol, p.26)* | (1) |

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 1.2.1 Afkoel (tydperk/periode) ✓ (1)

1.2.2 Kontrak✓ (1)

1.2.3 Waarborg✓ (1)

1.2.4 Grysgoedere/ Paralelle invoere✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.155, 157-158; Suksesvol, p.169, 173, 175-176)*

1.3 A✓
C✓
E✓
H✓ (Enige order) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.103; Suksesvol, p.123-124)*

1.4 1.4.1 C✓
1.4.2 F✓
1.4.3 A✓
1.4.4 B✓ (4)

*Onthou, matig (Verken, p.117, 122; Suksesvol, p.137, 139 -140)*

1.5 B✓
C✓
E✓ (Enige order) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.54-55; Suksesvol, p.62)*

1.6 1.6.1 D✓
1.6.2 G✓
1.6.3 F✓
1.6.4 A✓
1.6.5 B✓ (5)

*Verstaan, matig (Verken, p.29-34; Suksesvol, p.28-33)*

**TOTAAL AFDELING A: 40**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: LANGVRAE

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Noem die instrument wat gebruik word om die veranderinge in die koste van goedere en dienste oor 'n spesifieke tydperk te meet.**

Verbruikersprysindeks/ VPI✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.167; Suksesvol, p.185)*

2.2 **Gee TWEE voorbeelde van ELK van die volgende belastings wat deur verbruikers betaal word.**

2.2.1 **Direkte belasting**

- Inkomstebelasting✓[1]
- Lopende betaalstelsel (LBS)✓[2]
- Voorlopige belasting✓[3]
- Eiendomsbelasting✓[4]
- Kapitaalwinsbelasting✓[5]
- Donasiebelasting✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.164; Suksesvol, p.181)*

2.2.2 **Indirekte belasting**

- BTW✓[1]
- Aksyns/ Sondebelasting✓[2]
- Brandstofheffings✓[3]
- Lisensies (Motor/ visvang/ jag/ TV)✓[4]
- Lugpassasierbelasting✓[5]
- Omgewingsbelasting✓[6]
- Boedelbelasting✓[7]
- Dividendbelasting✓[8]
- Invoer belasting ✓[9]
- Suiker belasting✓[10] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.164; Suksesvol, p.181)*

2.3 **Verduidelik wat die inflasiekoers is.**

Dit is die persentasie✓[1] waarteen die prys van goedere en dienste styg oor 'n spesifieke tydperk.✓[2]

**OF**

Dit is die jaarlikse persentasie✓[3] verandering in die verbruikersprysindeks.✓[4] (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.168; Suksesvol, p.185)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 **Maak 'n lys van DRIE maniere om water te bespaar wanneer skottelgoed met die hand en/of met 'n skottelgoedwasser gewas word.**

- Gebruik die geskikte watervlak.✓1
- Was vol-ladings skottelgoed.✓2
- Gebruik 'n waterdoeltreffende skottelgoedwasser.✓3
- Gebruik korter siklusse/halwe-lading siklus✓4 wanneer dit geskik is.
- Vermy vooraf was van skottelgoed.✓5
- Moenie skottelgoed onder lopende water was nie.✓6
- Was die skoonste skottelgoed eerste.✓7
- Skraap ekstra voedsel van skottelgoed af voordat dit gewas word.✓8
- Kies eko-siklus✓9 om water te bespaar (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.147, 181; Suksesvol, p.158, 199)*

2.5 **Noem TWEE dienste wat munisipaliteite vir ontspanning aan gemeenskappe verskaf.**

- Biblioteke✓1
- Munisipale parke✓2
- Munisipale swembaddens/ sportfasiliteite✓3
- Gemeenskapsentrums✓4 (Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, p.184; Suksesvol, p.202)*

2.6 **Noem VIER eienskappe van 'n onwettige piramideskema.**

- Daar is geen produk wat verkoop word nie.✓1
- Klem is op die promosie van die skema.✓2
- Hulle bied ongewone hoë opbrengste op beleggings.✓3
- Lede word betaal/vergoed deur ander lede te werf.✓4
- Slegs lede op die boonstevlak/ inisieerder wat aan die begin aangesluit het word betaal/vergoed.✓5
- Baie mense wat aan die einde aansluit sal hul geld verloor.✓6 (Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.162; Suksesvol, p.179)*

2.7 **Onderskei tussen 'n werk-van-die-huis-af-slenter/swendelskema en 'n lotery-swendelskema.**

**Werk-van-die-huis-af swendelskema**

- 'n Werk van die huis af swendelskema teiken mense wat 'n ekstra inkomste soek✓1 en bedrieg hulle om te betaal sodat inligting verkry word.✓2
- In sommige gevalle moet aankope gedoen word✓3 voordat werk kan begin.✓4
- 'n Deposito vir 'n registrasiefooi kan aangevra word.✓5 (Enige 2)

**Lotery swendelskema**

- In 'n lotery swendelskema ontvang 'n persoon 'n SMS/ epos/ Whatsapp✓1 wat noem dat hulle 'n prys/ geld/ lotery/ boerpot gewen het✓2 en dat 'n betaling benodig word om 'n eis te maak/ bank besonderhede word aangevra.✓3 (Enige 2) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.159, 161; Suksesvol, p.177)*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.8 **Bespreek die voordele daarvan om met gas te kook.**

- Gas is goedkoper/ meer bekostigbaar✓1 as elektrisiteit dus sal energie/ gaarmaakkoste minder/ laer wees.✓2
- Deur gas te gebruik word die lading op die nasionale elektrisiteitsnetwerk verlig.✓3
- Gastoestelle/ stowe is byna instandhouding vry✓4 en hoef dus nie gereeld gediens te word nie.✓5
- Gas verskaf onmiddellike hitte,✓6 wat gas bespaar en gaarmaaktyd verminder/ vinniger.✓7
- Baie gastoestelle is goedkoper as elektriese toestelle✓8 dus sal minder geld op nuwe gasstowe bestee word.✓9
- Gas is die skoonste fossielbrandstof.✓10 Dit is omgewingsvriendelik/ produseer lae koolstof vrystellings/ dit veroorsaak minder lugbesoedeling/ het 'n lae koolstofvoetspoor.✓11
- Gaarmaak kan plaasvind wanneer daar beurtkrag is.✓12 (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.176; Suksesvol, p.194-195)*

2.9 **Bespreek die voordele van die gebruik van sonkrag wanneer water verhit word.**

- Die son✓1 word gebruik om water te verhit dus word geen/ min elektrisiteit gebruik.✓2
- Sonenergie is hernubaar✓3 dus sal dit nooit opgebruik raak nie en is geredelik beskikbaar✓4 wat die behoefte aan elektrisiteit verminder.
- Daar is warmwater beskikbaar selfs tydens beurtkrag.✓5
- Die son is gratis✓6 om water te verhit terwyl elektrisiteit geld kos, dus sal verbruikers minder elektrisiteit koop/geld bespaar.✓7
- Meer omgewingsvriendelik as om elektrisiteit te gebruik/ veroorsaak nie lugbesoedeling.✓8 (Enige 4) (4)

*Toepassing, maklik (Verken, p.170; Suksesvol, p.191)*

2.10 **Skryf 'n paragraaf om die voordele en nadele te bespreek van 'n verlaging in die repokoers, vir verbruikers wat rente betaal op lenings en vir verbruikers wat rente op spaargeld ontvang.**

Verbruikers met lenings/ skuld sal minder rente op skuld/ lenings betaal✓1 dus geld bespaar.✓2 Hulle sal meer besteebare inkomste hê om goedere en dienste te koop.✓3 Verbruikers met spaargeld sal minder rente ontvang.✓4 Hulle mag minder besteebare inkomste/ geld om te bestee hê.✓5 (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)*



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.11 **Bespreek die positiewe impak wat die bou van plastiek-geïntegreerde paaie op munisipale dienslewering en die gemeenskap sal hê.**

- Munisipaliteite is verantwoordelik vir vullisverwydering.✓1 Dus sal minder plastiekafval nodig wees om te verwyder.✓2
- Minder plastiese afval sal in riviere/ stortingsterreine/ strate opeindig,✓3 wat plastiese afvalstowwe om te prosesseer/ skoon te maak verminder.✓4
- Munisipaliteite sal minder beskadigde paaie hê/ nie dieselfde paaie oor en oor herstel nie/ slaggate hê om te herstel/ herstel van paaie/ paaie sal langer hou/ meer duursaam wees✓5 dus word geld bespaar vir ander munisipale dienste.✓6
- Daar sal minder plastiek rondlê/ die omgewing sal skoon wees✓7 omdat die munisipaliteit herwinningsblikke versprei✓8 en die plastiek gebruik sal word om paaie te bou.
- Paaie sal veiliger wees✓9 om te gebruik indien daar minder slaggate is.
- Gemeenskappe sal meer bewus wees van herwinning✓10 wat die gemeenskap skoon sal hou.✓11
- Gemeenskappe sal geld✓12 maak deur gebruikte plastiekverpakkings te kollekteer en dit aan herwinningsentrums te verkoop.
- Die projek sal lei tot werkskepping vir gemeenskapslede.✓13 (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.182; Suksesvol, p.203-204)*

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Verduidelik die term *hiperglukemie.***

- Dit is 'n toestand waarin die glukosevlakke in die bloed✓[1] abnormaal hoog raak.✓[2]

**OF**

- Dit is 'n toestand waarin suiker in die bloed opbou✓[3] in plaas daarvan om in energie omskep te word.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.80)*

3.2 **Verduidelik die funksie van die hormoon insulien.**

- Dit stimuleer die ensieme in die spier en vetweefsels✓[1] om suiker uit die bloed te verwyder✓[2] om glukose tot energie af te breek.✓[3]

**OF**

- Dit vervoer glukose✓[4] uit die bloedstroom in die liggaamselle✓[5] vir energie.✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.77)*

3.3 **Bespreek waarom John waarskynlik aan hipoglukemie kan ly.**

- Hipoglukemie word veroorsaak wanneer mense maaltye oorslaan of nie genoeg eet nie✓[1] wat sal veroorsaak dat bloedglukosevlak drasties daal.✓[2]
- Indien hy vir 'n lang tyd sonder voedsel hard oefen✓[3] sal dit lae bloedglukosevlakke veroorsaak.
- Inname van hoë GI voedsel sal 'n skerp styging✓[4] in die bloedglukosevlakke veroorsaak wat die vrystelling van insulien sal bevorder✓[5] om die verwydering van glukose uit die bloedstroom te stimuleer.✓[6]
- Die skielike verwydering van glukose uit die bloedstroom sal 'n drastiese afname in bloedglukosevlakke veroorsaak.✓[7] (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, p.71; Suksesvol, p.79)*
**LET WEL:** Inligting wat in die scenario genoem word kan nie ‘n punt toegeken word nie.

3.4 **Bespreek hoe voedselbestraling voedselveiligheid verbeter.**

- Voedsel word met baie kort lig of radio-golwe behandel.✓[1]
- Bestraalde kruie en speserye sal nie die voedsel waarby hulle gevoeg word besmet nie.✓[2]
- Maak mikroörganismes dood/ verminder/ vernietig mikroörganismes✓[3] wat voedselbederf kan veroorsaak✓[4] wat voedsel veiliger maak om te eet.
- Verminder die patogene bakterieë/ skadelike organismes✓[5] in voedsel, wat voedseloordraagbare siektes voorkom.✓[6]
- Vernietig insekte op tropiese vrugte/in grane✓[7] wat ingevoer/uitgevoer word.
- Bestraalde geprosesseerde vleis vereis minder preserveermiddels wat die risiko van die ontwikkeling van kanker sal verminder.✓[8] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.127-128)*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.5 **Verduidelik hoe watertekorte tot voedseloordraagbare siektes kan bydra.**

- Daar mag onvoldoende/ besmette water✓1 vir besmette mense wees✓2 om hul hande te was nadat die toilet gebruik is/babadoeke omgeruil word✓3 en voordat voedsel voorberei word.✓4
- Geen/ minder water beskikbaar om besmette vrugte/groente te was.✓5
- Geen/ minder water beskikbaar om gaarmaak gereedskap deeglik na gebruik te was.✓6
- Mense mag voedsel wat met besmette water voorberei is drink/gaarmaak/ eet.✓7
- Besmette water mag gebruik word om voedselvoorbereiding oppervlakke skoon te maak.✓8
- Geslagte diere mag besmette water gedrink het✓9 en die vleis mag bydra tot voedseloordraagbare siektes. (Enige 6) (6)

*Verstaan, matig (Verken, p.86-89; Suksesvol, p.103,106,108)*

3.6 **Beskryf hoe die volgende faktore tot voedselonsekerheid in Suid Afrika bydra.**

3.6.1 **Verhoging in voedselpryse**

- Meeste verbruikers mag nie in staat wees om op 'n daaglikse basis gesonde voedsame voedsel te bekostig nie.✓1
- Hulle kan nie bekostig om genoeg voedsel te koop om 'n gesonde lewe te lei nie.✓2
- Verbruikers mag voedsel koop wat verby die gebruik-teen datum is.✓4 Hierdie voedsels mag bekostigbaar wees✓5 maar onveilig vir verbruik wees.✓6
- Verbruikers sal geld op voedsel wat nie voedsaam/energiedig✓7 is bestee omdat hulle in staat mag wees om meer/ baie van hierdie voedsels te koop.✓8 (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verbruikerskwessie)*

3.6.2 **Verhoging in elektrisiteitpryse**

- Die verhoging in elektrisiteitpryse sal veroorsaak dat voedselpryse styg.✓1
- Verbruikers kan nie bekostig om elektrisiteit te koop om voedsel voor te berei nie.✓2
- Elektrisiteit is duur en verbruikers bestee baie geld✓3 op elektrisiteit en het minder geld om op voedsel te bestee.✓4

(Enige 3) (3)

*Toepassing, moeilik (Verbruikerskwessie)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 **Gee Mary dieetkundige raad om te voorkom dat sy later in haar lewe osteoporose ontwikkel.**

- Mary moenie maaltye/ ontbyt oorslaan nie✓1 omdat dit sal help met die inname van genoeg kilojoules.✓2
- Mary moet kalsiumaanvullings✓3 neem om beendigtheid te verhoog/ beenverlies✓4 later in lewe te vertraag.
- Sy behoort ook geblikte vis met bene/peulgroente/ donkergroen blaargroentes/ neute (amandels/ Brasiliaanse)✓5 te eet omdat hulle ook ryk in kalsium is.✓6
- Sy behoort voedsel hoog in fosfor✓7 en vitamien D✓8 in te neem wat help met die absorpsie van kalsium.✓9
- Sy behoort fluoried✓10 te neem wat geabsorbeer✓11 moet word in die been om die bene sterk te maak.✓12
- Sy moenie te veel proteïenryke voedsel✓13 inneem nie. Alhoewel proteïene benodig word vir kollageen sintese, word suur in die bloedstroom vrygestel wanneer proteïene✓14 verteer word en trek kalsium✓15 uit die bene om die suur te neutraliseer.✓16 Te veel proteïene sal die bene in die langtermyn verswak.✓17
- Sy behoort voedsel ryk in vitamien C/ askorbiensuur✓18 in te neem omdat dit help met kollageen sintese.✓19
- Sy behoort haar koffie/ tee/ alkohol inname te beperk✓20 omdat dit beenverlies kan veroorsaak.✓21 (Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)*

3.8 3.8.1 **Identifiseer die bestanddele wat die volgende funksies verrig in die lys van bestanddele:**

(a) **Stabilisering van die bestanddele**

koringmeel/ mieliestysel.✓ (1)

(b) **Verbeter die voedingswaarde**

Riboflavien/ Koringmeel mag met Vitamien B verryk wees.✓ (1)

(c) **Bevorder die geur**

Mononatriumglutamaat (MNG)/ knoffelpoeier/ sitroensuur/ bruinsuiker/ kruie/ kaliumsout.✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.93-94; Suksesvol, p.113-114)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.8.2 **2 Minute noedels is nie geskik vir 'n persoon wat diabetes het nie.**

**Regverdig die stelling hierbo.**

- Noedels is hoog in sout✓[1] (724 mg/100g) wat die bloeddruk sal laat styg✓[2] en tot hartsiekte/ beroerte mag bydra.✓[3] Diabete het 'n hoë risiko✓[4] om hartsiekte te ontwikkel.
- Noedels is laag in vesel (2.4g/100g)/ het onvoldoende vesel.✓[5] Vesel verlaag✓[6] die bloedglukosevlakke en voorkom wisselende bloedglukosevlakke.✓[7]
- Hulle het 'n hoë glukemiese indeks✓[8] wat vinnige styging✓[9] in die bloedglukosevlakke kan veroorsaak.
- Hulle bevat 'n hoë vetinhoud✓[10] (15.0g/100g), wat die risiko van hartsiekte/ beroerte verhoog.✓[11]
- Die noedels mag bydra tot vetsug✓[12] wat nadelig vir diabete is omdat dit hoog in kilojoules/ koolhidrate/ vet is.✓[13] (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, p.72-73; Suksesvol, p.82-83)*

**LET WEL:** Hoë vetinhoud kan slegs een keer 'n punt toegeken word.

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 **Noem die stadium in die modesiklus waar 'n mode:**

4.1.1 **Aanvaar word**

Bekenstelling/ Loods/ Begin/ Toename✓stadium (1)

4.1.2 **Gewildheid bereik**

Piek/ Hoogtepunt stadium✓ (1)

4.1.3 **Verdwyn**

Verouderd/ Veroudering✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, p.49-50; Suksesvol, p.50)*

4.2 **Noem TWEE ekonomiese faktore wat modeveranderinge beïnvloed.**

- Inkomste/ rykdom/ armoede ✓[1]
- Bekostigbaarheid✓[2]
- Inflasie✓[3]
- Resessie/ depressie✓[4]

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.53)*

4.3 **Verduidelik VIER voordele om klassieke meng-en-pas-klere-items in 'n klerekas vir die werksplek te hê.**

- Baie uitrustings kan geskep word✓[1] uit die basiese items deur verskillende 'tops' en broeke/rompe te meng.
- Items kan vir 'n professionele/ formeel en informele geleenthede gedra word.✓[2]
- Dit kan goedkoper/bekostigbaar wees omdat minder klere items aangekoop sal word.✓[3]
- Items in neutrale/basiese kleure kan by verskillende bykomstighede/ skoene/belde/handsakke gepas word.✓[4]
- Klassieke items is tydloos, dus sal dit nie vinnig uit die mode gaan/ vir baie seisoene hou.✓[5]

(Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p.54-55; Suksesvol, p.63-65)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.4 **Ekomode kan help om die natuurlike omgewing volhoubaar te hou.**

**Motiveer die stelling hierbo.**

- Ekovriendelike kleedstowwe het 'n lae koolstofvoetspoor✓1 omdat hulle minder lugbesoedeling veroorsaak✓2 wat minder skade aan die natuurlike omgewing veroorsaak.
- Hulle gebruik minder water wat alreeds 'n skaars hulpbron is.✓3
- Minder energie/ elektrisiteit word gebruik wat die behoefte aan fossielbrandstowwe verminder.✓4
- Hulle word geproduseer van gewasse wat geen plaagdoders/ onkruiddoders/ minder chemikalieë/ kleurmiddels vereis nie.✓5
- Hulle mag organies geproduseer wees✓6 en mag bioafbreekbaar wees✓7 dus afval verminder.✓8
- Hulle word gemaak van hernubare hulpbronne✓9 wat aangevul kan word/ nie uitgeput kan raak nie.✓10 (Enige 5) (5)

*Verstaan, matig (Verken, p.61; Suksesvol I, p.67)*

4.5 **Evalueer die geskiktheid van die uitrusting hierbo vir die professionele wêreld van werksplek.**

- Die uitrusting is meestal geskik✓1 vir die professionele werksplek. (1)
- Die style/ kleur sal by die meeste liggaamstipe pas.✓2
- Die eenvoudige skoon lyne maak die rok klassiek✓3 en dit kan vir baie seisoene gedra word.✓4
- Die uitrusting is formeel/ deftig.✓5
- 'n Verskillende bloes/ skoene kan vir informele geleenthede gedra word.✓6
- Dit kan met/sonder 'n bloes gedra word.✓7
- Dit is nie ontblootend/ nie te styf nie.✓8
- Dit is nie kort nie/dit is onder die knieë.✓9
- Dit is geskik vir verskillende seisoene/kan met 'n baadjie/trui gedra word.✓10
- Dit kan met verskillende skoene/ bykomstighede gedra word.✓11
- Die neutrale kleur van die skoene is geskik vir die uitrusting.✓12
- Die medium hak van die skoene maak dit gemaklik om by die werk te dra.✓13
- Die diamant besonderhede op die skoene mag te glansryk vir werk wees.✓14 (Enige 5) (6)

*Evaluering, matig (Verken, p.55-57; Suksesvol, p.61-63)*

**[20]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 **Noem TWEE finansiële verantwoordelikhede van 'n huurder.**

- Deposito.✓1
- Maandelikse huur.✓2
- Water/ elektrisiteit/ vullis verwydering,✓3 afhangende van die huurooreenkoms.
- Enige skade wat deur die huurder veroorsaak is.✓4
- Huisinhoudversekering.✓5 (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.117,128; Suksesvol, p.137)*

5.2 **Maak 'n lys van DRIE finansiële verantwoordelikhede van die eienaar van 'n voltiteleiendom.**

- Maandeliks verband terugbetalings.✓1
- Instandhouding/ herstelwerk.✓2
- Eiendomsbelasting.✓3
- Water/ elektrisiteit/ vullis verwydering.✓4
- Sekuriteit.✓5
- Omvattende huiseienaarsversekering.✓6
- Verbandbeskermingsversekering.✓7
- Huisinhoudversekering.✓8
- Tuinmaak.✓9 (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.121,127,128; Suksesvol, p.139,140,145*

5.3 **Huishoudelike toestelle kan met 'n afbetalingskooptransaksie gekoop word. Noem die volgende:**

5.3.1 **TWEE voordele van die gebruik van 'n afbetalingskooptransaksie**

- 'n Toestel kan gekoop word selfs al het jy nie kontant nie.✓1
- 'n Toestel kan huis toe geneem word en onmiddellik gebruik word.✓
- Die toestel kan oor 'n lang tydperk afbetaal word.✓3
- Dit help verbruikers om hul kredietrekord/ telling te bou.✓4

(Enige 2) (2)

5.3.2 **TWEE nadele van die gebruik van 'n afbetalingskooptransaksie**

- 'n Deposito moet betaal word.✓1
- Die betaling is meer as die kontantprys.✓2
- Daar is koste betrokke soos bankkoste/ rente/ administrasiekoste.✓3
- Toestelle kan teruggeneem word deur die verkoper indien daar versuim in betaling is.✓4
- Nie betaling kan verbruikers se kredietrekord/ telling negatief affekteer/ kan veroorsaak dat verbruikers op die swartlys geplaas word.✓5
- Indien die toestel breek/ gesteel word moet die verbruiker nog steeds die paaiement betaal.✓6 (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.4 **Bespreek deeltiteleienaarskap met betrekking tot veiligheid en sekuriteit**.

- Komplekse kom dikwels met sekuriteit kenmerke (bv. hekke, sekuriteitswagte, 'surveillance'/ waarnemingskameras wat 'n veilige woonomgewing verskaf.✓[1]
- Dit verskaf groter sekuriteit as om in 'n vrystaande eiendom te woon.✓[2]
- Die hek by die ingang het beheerde toegang om te beheer wie in die kompleks gaan.✓[3]
- Meeste komplekse het veiligheidsgrensmure✓[4] wat veiligheid verskaf en toegang tot die kompleks beperk.
- Dit bied buigsaamheid om 'toe te sluit en te vertrek' en die eenheid sal veilig bly weens die sekuriteit beskikbaar.✓[5]
- Bure is naby en kan sien of hoor indien daar indringers is.✓[6] (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.123; Suksesvol, p.141)*

5.5 **Verduidelik hoe die 'EcoBOOST' wasmasjien met die volgende help:**

5.5.1 **Besparing van menslike energie en tyd**

- Dit het 'n verhoogde spin-spoed wat tyd bespaar.✓[1]
- Dit het 'n 'smart' kenmerk wat verbruikers tyd sal bespaar✓[2] omdat dit weg/ op 'n afstand aan en af geskakel kan word.✓[3]
- Dit is geskik vir groot ladings wat verbruikers sal toelaat om minder ladings te was.✓[4] (Enige 3) (3)

5.5.2 **Positief tot die natuurlike omgewing bydra**

- Die verhoogde spin-spoed maak dit vinniger om te gebruik dus gebruik dit minder
  elektrisiteit/ nie-menslike energie.✓[1]
- Die was van groot ladings, gebruik minder elektrisiteit/ nie-menslike energie.✓[2]
  Dit gebruik minder water per lading/ gebruik water optimaal dus verminder dit waterverbruik.✓[3]
- Dit gebruik minder/ bewaar elektrisiteit deur watertemperatuur te verminder.✓[4]
- Dit het ook 'n ladingsensor sodat dit die korrekte hoeveelheid water en elektrisiteit.✓[5]
- Gebruik van minder elektrisiteit sal die koolstofvoetspoor verminder/ lugbesoedeling beperk/ fossielbrandstof bewaar.✓[6]

(Enige 4) (4)

*Analisering, matig (Verken, p.143-144; Suksesvol, p.158)*

**[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 **Verduidelik ELK van die volgende terme:**

6.1.1 **Gehaltebeheer**

Dit is die proses van inspeksie/ nagaan✓1 van produkte om seker te maak dat hulle aan die vereiste standaarde✓2 wat gestel is voldoen.✓3

**OF**

Dit is 'n mate van uitstekendheid.✓4 Dit is die prosedure om seker te maak dat die gehalte van die produk in stand gehou word.✓5 Dit sluit inspeksie in.✓6 (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.16; Suksesvol, p.22)*

6.1.2 **Produkspesifikasie**

Dit is 'n geskrewe beskrywing van 'n item.✓1 Dit sluit alles van die produk/ diens in.✓2 Dit verseker dat die produk altyd dieselfde is/ van deurlopende gehalte is.✓3 (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.16; Suksesvol, p.15,21)*

6.1.3 **Finansieël uitvoerbaarheidstudie**

'n Analise/ evaluering✓1 van 'n voorgestelde projekidee/ besigheid om te bepaal of dit moontlik/ waarskynlik suksesvol✓2 sal wees nadat die totale koste en waarskynlike inkomste in aanmerking geneem is.✓3 ‘n Studie om die sterkpunte✓4 en swakhede✓5 van ‘n besigheid te ontdek. (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.35; Suksesvol, p.35)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.2 **Noem en bespreek TWEE prysbepalingstrategieë wat 'n besigheid kan kies om die pryse van hulle produkte en dienste te bepaal.**

- In premieprysbepaling✓[1] word die produk bo die gemiddelde markprys bereken.✓[2] Die hoër prys sal 'n aanduiding vir die klante wees dat die produk van 'n hoë gehalte is.✓[3]
- In waarde-vir-geld-prysbepaling✓[4] vergelyk 'n standaard produk goed met soortgelyke produkte in sy kategorie✓[5] en die prys sal nie veel hoër of laer as dié van die mededingers wees nie.✓[6]
- In onderkruipprysbepaling✓[7] is die doel om die goedkoopste in die mark✓[8] te wees. Besighede moet 'n baie hoë omset hê om 'n bevredigende inkomste te genereer.✓[9]
- In afroomprysbepaling✓[10] word 'n hoë prys bepaal vir 'n nuwe hoë-end/ eksklusiewe produk.✓[11] Wanneer kompeteerders die mark binne- tree, moet pryse verlaag word.✓[12]
- In kostegebaseerde prysbepaling✓[13] bereken die entrepreneur die verkoopprys van die produk, deur al die koste betrokke by die produksie en byvoeging van 'n winsopslag.✓[14] Verskillende produkte het verskillende winsopslagte.✓[15]
- In vraaggebaseerde prysbepaling✓[16] is dit die entrepreneur wat die prys waarvoor die teikenmark bereid is om vir die produk te betaal, vasstel✓[17] deur seker te maak dat die koste so laag moontlik gehou word en dat wins steeds gemaak word.✓[18]
- Mededinging-gebaseerde prysbepaling✓[19] is gebaseer op die verkoopprys wat mededingers vra.✓[20] Dit is wanneer 'n entrepreneur besluit om die prys hoër, laer of dieselfde as die van die mededingers te bepaal.✓[21]

(Enige 2 x 2) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.32; Suksesvol, p.31)*

6.3 **Verduidelik waarom die higiëne van werkers in 'n werkplek belangrik is.**

- Dit is om te verseker dat werkers veilig✓[1] en gesond is/ nie siek word✓[2] terwyl hulle by die werk is nie.
- Dit verseker dat die produkte wat vervaardig word gesond/ veilig vir verbruikers is.✓[3]
- Dit verseker dat kruiskontaminasie nie plaasvind nie.✓[4]
- Om te voorkom dat ander kollegas nie weens liggaamsreuke/ swak persoonlike higiëne geaffekteer word nie.✓[5]
- Om te verseker dat produkte skoon gehou word.✓[6] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.18; Suksesvol, p.22)*



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.4 **Bespreek TWEE voordele van opgeleide personeellede vir 'n entrepreneur.**

- Dit verbeter die gehalte van die produkte/ werk✓1 omdat die personeel presies sal weet wat om te doen.✓2
- Dit verhoog produktiwiteit/ meer produkte sal geproduseer word✓3 omdat werkers nie baie foute sal maak✓4 en tyd mors nie.✓5 Dit mag verkope/ wins verhoog.✓6
- Dit sal vermorsing verminder✓7 en die verlies van grondstowwe beperk,✓8 dus sal geld wat vasgevang is in grondstowwe nie vermors/ verlore gaan nie.✓9
- Dit sal die moraal/ motivering van werkers verbeter✓10 omdat hulle die vaardighede sal hê✓11 en presies weet wat om te doen/selfvertroue in hul werk het.✓12
- Dit sal instandhoudings/herstelkoste van gereedskap verminder✓13 omdat die werkers sal weet hoe om dit korrek te gebruik.✓14 (Enige 2x2) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.25; Suksesvol, p.26)*
**LET WEL:** Twee voordele moet bespreek word. Vier punte kan nie vir vier voordele toegeken word nie.

6.5 6.5.1 **Identifiseer hoe Norris se besigheid bevorder is (promosie).**

- Sy gesin het pamflette✓1 wat inligting bevat versprei.
- Mondelings/ bure/ gesin kon ander mense vertel het.✓2

(Enige 1) (1)

*Verstaan, maklik (Verken, p.31; Suksesvol, p.30)*

6.5.2 **Verduidelik waarom die verpakking vir Norris se produkte geskik is.**

- Dit maak dit maklik om te identifiseer✓1 en die produk te kies.✓2
- Dit hou die produk skoon, vars en veilig.✓3
- Dit is maklik om te hanteer.✓4
- Dit is sterk genoeg om vervoer te word.✓5
- Beskerm die produkte.✓6
- Dit is bekostigbaar/ goedkoop vir die tipe produkte.✓7
- Gerieflik om te versprei/ hanteer/opstapeling/uit te stal.✓8
- Plastieksakke is lugdig✓9 en die produkte sal nie vog verloor/ vinnig verlep nie.✓10 (Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p.22; Suksesvol, p.29)*

6.5.3 **Verduidelik TWEE faktore wat Norris beïnvloed het om sy kleinskaalse besigheid te begin.**

- Sy behoefte/ passie✓1 om sy gesin te help/voorsiening te maak.✓2
- Beskikbaarheid van finansiële hulpbronne:✓3 Hy het R1000 wat hy gespaar het.✓4
- Beskikbaarheid van grondstowwe:✓5 Piesangs was maklik beskikbaar✓6 van 'n naby geleë plaas.✓7 (Enige 2 x 2) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.10-13; Suksesvol, p.16-20)*
**LET WEL:** Twee faktore moet verduidelik word vir vier punte.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.5.4 **Bereken die verkoopprys van VYF (5) piesangs. Toon alle berekeninge.**

100 ÷ 80 = R1.25✓[1] (een piesang)

R1.25 x 5 = R6.25✓[2]

R6.25 x 55% ✓[3] = R3.44✓[4] **OF** R6.25 x 55/100✓[3] = R3.44✓[4]

R6.25 + R 3.44 = R9.69✓[5]

R9.70 (verkoopprys vir vyf piesangs)

**OF**

55%✓[6] x R100 = R55✓[7]
R100 + R55 = R155✓[8]
R155 ÷ 80 = R1.94✓[9] vir een piesang
R1.94 x 5 = R9.70✓[10] vir vyf piesangs (5)

*Toepassing, matig (Verken, p.38; Suksesvol, p.38-39)*

6.5.5 **Norris se besigheid sal waarskynlik voortgaan om winsgewend te wees.**
**Regverdig hierdie stelling.**

- Piesangs is maklik beskikbaar✓[1] van 'n naby geleë plaas✓[2] en dit laat hom toe om op vervoerkoste te bespaar.✓[3]
- Hy het sy wins in die besigheid herbelê.✓[4]
- Hy is passievol✓[5] oor sy besigheid omdat hy sy gesin met die inkomste ondersteun.✓[6]
- Hy verkoop 'n verskeidenheid produkte,✓[7] wat beteken dat sommige produkte in seisoen sal wees wanneer ander nie mag wees nie.✓[8]
- Hy het 'n wye klante basis✓[9] omdat sy werknemers in verskillende areas verkoop.✓[10]
- Hy bied afleweringsdienste✓[11] aan sy klante wat produkte bestel.✓[12]
- Sy gesin adverteer sy besigheid deur pamflette te gebruik.✓[13]
- Sy produkte is goeie waarde vir geld.✓[14]
- Verpakking is goedkoop/ bekostigbaar/ eenvoudig✓[15] en sal nie sy oorhoofsekoste/ bokoste drasties verhoog.✓[16]
- Die winsopslag voorsien genoeg wins✓[17] omdat die besigheid lae bedryfskoste het.✓[18] (Enige 9) (9)

*Analisering, moeilik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)*

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African